kategese '09

graad 7 – 10

Sondag 21&22 | 13&20 September

MOSES

Gesprek! **Luister!** **Debrief**

PUNCHLINE – LEER DIE KINDERS DIE VERHAAL VAN MOSES

- Beplan jou eie.

- Hoofsaaklik uit Eksodus – kyk by elke gebeure.

Kyk na die OT Groot verhaal en sien waar Moses inpas (Hierdie is 'n baie belangrike deel van Israel se geskiedenis! Die boek van Eksodus wat uittog beteken)

Maak seker die kinders lees die verhaal (wees kreatief oor hoe jy dit aanbied) en staan stil by die verskillende temas aangedui, vra vrae daaroor en kyk wat die kinders self leer deur die verhaal. Probeer nie jaar nie en doen MOSES oor twee weke se les.

Intussen het die Israeliete gebly in Egipte en baie geword. Die nuwe Farao het hulle onderdruk en slawe gemaak...

Moses in die mandjie – Eks 1-2

Farao het die seuns laat doodmaak, Moses word in mandjie gesit en deur Farao se dogter gevind. Sy neem hom aan. Toe hy groot is maak hy 'n Egiptenaar dood en word gedwing om te vlug.

[God wat sorg vir Moses op 'n onverwagse manier; Moses die groot held van Israel is 'n moordenaar!]

Moses ontmoet God in die brandende bos – Eks 3-4

God maak Homself bekend aan Moses in 'n brandende bos. Moses en die Here het 'n lang gesprek waarin Moses allerhande verskonings soek om nie te doen wat die Here vra nie. Moses kry 'n helper Aaron om hom by te staan wanneer hy die Here se wil laat bekend maak aan die Farao

[Wie is God? God gebruik mense wat nie eers kan goed praat nie, Ons dink verskonings baie keer uit as die Here iets van ons vra, mense wat help]

Die tien plae Eks 5-13

Moses verskyn voor die Farao saam met Aaron. Die Farao wil nie ingee nie. Hulle gaan nog kere totdat die Here vir Moses beveel om die Farao te oortuig met die tien plae. Die laaste hiervan is die dood van die eersgebore seuns. Hier word die Paasfees ingestel wat die belangrikste fees van Israel word.

graad 7 – 10 kategese '09

MOSES

Gesprek!

[Wat leer ons van die Here? God gee uiteindelik uitkoms vir sy volk nadat hulle Hom gesoebat het!]

Die uittog! Eks 13-14; 16-17

Die Israeliete trek en kom tot voor die rietsee. Die Here laat die rietsee oopgaan voor die volk en hulle kan deurtrek. Die Egiptenare word weggespoel toe die waters toemaak. Die uittog tradisie is die sterkte 'storie' in die geskiedenis van Israel. Maar nie kort nadat hulle gesien het wat God doen nie, kla die volk en soek hulle kos. Die Here gee vir hulle manna en kwartels, later gee Hy ook water, ma hul bly ongehoorsaam.

[Die Here doen partykeer ontmoontlike dinge – ons moet Hom net vertrou; die Here gee genoeg vir elke dag, ons moet Hom vertrou!]

Die wet en Sinai. Eks 19-20,32-33

Die Here gee aan Moses die tien gebooie en die wette bo-op die berg. Moses skryf dit op twee kliptafels. Wanneer hy afkom het die volk 'n goue kalf gemaak en aanbid dit as God – Moses is baie kwaad, breek die kliptafels en almal wat deelgeneem daaraan word doodgemaak. Die Here wyer om saam met die volk te trek na die beloofde land en die tent van ontmoeting word opgeslaan. Nog wette en bepalinge volg voordat die volk uiteindelik weer begin trek deur die woestyn. Hulle was so ongehoorsaam dat hulle 40 jaar lank getrek het voordat hulle uiteindelik die beloofde land ingaan. Moses gaan nie saam nie, sterf op Neboberg en Joshua neem oor.

[Ten spyte van die volk se ongehoorsaamheid bly die Here by sy volk, Die wet van die Here moet sentraal staan in die volk se lewe en hulle mag nie afgode dien nie – ons vergeet maklik van die Here as dit goedgaan en maak dikwels ook ons eie 'afgode']

Die groot temas

- **Die Here gebruik onwaarskynlike mense soos Moses wat self gesukkel het, verskonings gemaak het en selfs iemand dood gemaak het.**
- **Die Here het 'n plan – ons moet Hom net vertrou**
- **Gehoorsaamheid is belangrik – ons moet getrou bly aan die Here, Hy sal voorsien.**
- **Ons kyk dikwels terug in die lewe, in plaas daarvan om in die NOU te leef saam met die Here**
- **Wat is die dinge wat jy moet agter los? Kan jy alles in jou lewe in die Here se hande los – selfs jou kos elke dag?**

Wrap-up!

- Bid saam en vir die kerk.
- ONTHOU OM TE GESELS OOR DIE SEEKAMP!
- **Mail my met enige idees of terugvoer oor die les: zvdwesthuizen@gmail.com**